# Calvyn oor Selfverloëning: Positiewe Riglyne vir die Etiek en Pastoraat?

***Prof. Laetus O.K. Lategan***
***Dekaan: Navorsing en Innovasie***
***Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat***
***BLOEMFONTEIN***
***9300***

***llategan@cut.ac.za***

> "Dus heeft niemand naar behoren zichzelf verloochend, dan wie zich geheel zo aan de Here heeft overgegeven, dat hij het verdraagt, dat alle delen van zijn leven door Gods wil bestuurd worden" (Calvijn, 1949b:198).
>
> "Jesus het toe vir sy dissipels gesê: 'As julle my volgelinge wil wees, moet julle julle eie, selfsugtige ambisie prysgee, julle kruis op julle skouers neem, en agter My aan kom'" (Matteus 16:24 – *Die Bybel*, Nuwe Lewende Vertaling).

**Synopsis**

**Calvin on self-denial: positive guidelines for the ethics and pastoral care?**

*In this contribution the author looks into Calvin's understanding of self-denial. The author indicates that, although no longer in use in modern theology, self-denial can assist Christians to understand their relationship with God and fellow-persons better in view of self-denial. The author also identifies the positive value of self-denial for ethics and pastoral care. Calvin's view on self-denial is outlined, explained and commented on. Calvin regards self-denial as to live in the presence of God, to accept his Will regardless what happens in life and to roll-out to fellow believers an attitude of care. This study uses abortion and mercy killing (as examples in ethics) and suffering (as example in pastoral care) to contextualize the applicability of self-denial for every day life. The study concludes with a positive appreciation of self-denial and links this in various ways to the relationship between God and fellow-persons.*

**Sleutelwoorde:** selfverloëning, etiek, pastoraat, roeping, verantwoordelikheid, voorsieningheid.

## 1. Vertrekpunt

In die beoordeling van Calvyn se etiese ontwerpe wys Engelbrecht (1988) daarop dat, hoewel Calvyn geen uitgewerkte etiek gehad het nie, Boek 3 van sy Institusie as sy sistematiese etiek beskou word. Calvyn se etiek en dogmatiek kan nie van mekaar losgemaak word nie. Etiek as lewenswandel word byvoorbeeld nie losgemaak van die geloof, uitverkiesing, die werk van die Heilige Gees, ens. nie. Dit word beaam deur onder andere Bavinck (1980:130) se opmerking “Life and doctrine with him were one” en Velema (1976:27) wat skryf “Leer en leven horen bij elkaar”. Ook Theron (2004:702) wys op die noue band wat leerstelling (dogmatiek) en troos (etiek) by Calvyn gehad het. Engelbrecht vervolg deur te wys op die rol van selfverloëning in Calvyn se etiek. Selfverloëning veronderstel dat die klem nie op die mens val nie maar op God. Selfverloëning het te doen met ’n ingesteldheid teenoor God wat die aardse lewe rig. Hiervoor gebruik Calvyn opmerkings soos *nie aan onsself nie maar aan God.* Vir Calvyn was selfverloëning die “hoofsom” van die Christelike lewe (Van Wyk, 1983:27, 31). Calvyn beskou selfverloëning as matige gebruik, regverdigheid en vroomheid. Dit moet vergestalt word deur die voordeel vir die naaste en die gemeente te soek. Bo alles gaan dit oor God (Van Wyk, 1983:31). Van Zyl (1964:189) artikuleer dit nog duideliker deur te sê dat dit gaan om alles “oorboord te gooi” wat uit selfliefde gebore is. Velema (1976:27) vat die essensie van selfverloëning raak as hy sê: “Een Christen moet zo toegerust zijn, dat hij in zijn gansen leven met God te doen heeft.”

Calvyn se etiek-beskouing vind sy oorsprong in wat algemeen bekend geword het as “Calvinisme” en waarvan hy seker die belangrikste en invloedrykste persoon was. In teenstelling met ander kerke en geestelike leiers word nie die mens of iets van sy/haar aksies (bv. regverdigmaking) as vertrekpunt geneem nie, maar God (sien Meeter, 1957). Bavinck herinner ’n mens daaraan dat Calvyn die hele lewe onder God se heerskappy plaas. Bavinck (1980:123) skryf hieroor:

> He viewed the whole of life from the standpoint of the will of God and placed it in all its extent under the discipline of the divine law … Calvin emphasizes the idea that life itself in its whole length and breath and depth must be a service of God.

Selfverloëning as etiese figuur het egter in onbruik geraak in die etiek. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word. Een rede is omdat selfverloëning die gebod van *selfliefde* (positief beskou en in teenstelling met die ideologiese *isme* van

egoïsme) kan weerspreek. Hoe kan iemand hom-/haarself liefhê maar terselfdertyd hom-/haarself afsterf? Logies maak dit nie sin nie. Hierdie logika is ook aanwesig in die vergelyking van die koringkorrel wat eers moet sterf voor dit kan leef! (Johannes 12:20-26). ’n Tweede rede is dat selfverloëning ’n negatiewe interpretasie dra (aflê, eenkant skuif omdat dit nie goed genoeg is nie) terwyl die bedoeling positief is naamlik om ’n mens se lewe in diens van God te stel. ’n Derde rede is dat selfverloëning te abstrak is vir ’n etiek en ’n pastoraat. Die tendens is dat mense duidelike uitsprake verwag (etiese handreiking) wat nie in grysgebiede (*adiafora*) sal eindig nie. As voorbeeld kan die etiese dilemmas in die kontinuum van lewe geneem word. Selfverloëning kan (verkeerdelik) geïnterpreteer word dat ’n mens (subjek) van lewe (objek) afstand moet doen. Maar lewe is nie ’n objek wat oordraagbaar is nie. Lewe en menswees is nie losmaakbaar nie. Die bedoeling van selfverloëning is immers nie ’n afsterf van biotiese lewe nie? Maar, die opdrag tot selfverloëning word problematies deur die vraag hoe lewe gerespekteer kan word as ongebore lewe nie eens deur wetgewing (dus gerespekteer) beskerm word nie? Kwynende lewe kom al meer in die visier omdat die oproep al hoe harder word om lewe te termineer (genadedood) wat nie meer as goed geag word nie (tipies van die verbuikersmoraal). Die belang van die beskerming van lewe word dus geminimaliseer. As dit die geval is, hoe kan mense lewe dan positief beskou, sodat die selfverloëning waartoe ’n mens opgeroep word nie verkeerd verstaan word nie. Dit moet nie verstaan word as lewe wat afgelê word, omdat dit nie goed genoeg is nie, maar eerder dat lewe juis vanweë die kosbaarheid daarvan in diens van God gestel moet word. Nog ’n voorbeeld: Hoe bied ’n mens antwoorde op iemand se lyding as die voorwaarde selfverloëning is? (Dit is natuurlik ’n vraag óf daar antwoorde moet wees of dan net èèn antwoord? Kan alles in ’n enkelvoudige skema ingepas word? (Meyer, Nell & Vosloo, 2005).) Hoe troos ’n mens iemand as hy/sy moet hoor dit gaan nie oor die self nie maar oor God – selfverloëning is daarom die antwoord. Selfverloëning raak dus ons verhoudinge. Dit is belangrik dat dit in die oog gehou moet word.

Calvyn se eie antropologie (dualisme siel/liggaam) (*Institusie* Boek 1) en perspektief op lyding help nie juis om die aanvanklike twyfel uit die weg uit te ruim nie. Calvyn het ’n grieks-dualistiese siening oor die mens. Die siel is alles en vir die ewigheid bestem. Die liggaam is sekondêr tot die siel en ’n gevangenis (*ergastulum*) wat die siel gevange hou. Die liggaam is gedoem vir vernietiging. Net die siel van die mens is na die beeld van God geskape (sien Calvijn, 1949a:176, 178).

Stellingwerf (1965:20) keur Calvyn se mensbeskouing af. Hy sê ondermeer dat dit nie reg aan die mens laat geskied nie, is ’n verkeerde verstaan van die Bybel, dit neem nie die skepping in ag nie en dit skep vele probleme:

> De leer dat de mens uit twee delen bestaat, een onsterflijke ziel die in een lichamelijke kerker woont, is van griekse en nie Bijbelse afkomst.

Dié retoriese vrae veronderstel dat selfverloëning in die etiek en pastoraat belangrik is, maar óf lomp verstaan word óf dalk nuut geïnterpreteer moet word. Hierdie studie steek kers op by hierdie begrip en wil hoofsaaklik drie doelwitte bereik.

- Eerstens wat is die betekenis van selfverloëning vir ’n etiek en pastoraat?
- Kan selfverloëning ’n mens help om etiek as verantwoordelike handelinge beter te verstaan?
- Kan die pastoraat selfverloëning gebruik om perspektief in die lydings-vraagstuk te bring?

Die perspektiewe ontwikkel in hierdie studie word gedoen aan die hand van Calvyn se siening van selfverloëning.

## 2. Begripsverheldering

### Selfverloëning

König (2006:375; 2008:976) verduidelik selfverloëning as “om glad nie in jou eie belang op te tree nie”. Die positiewe van selfverloëning is dat ’n mens vir iemand anders se belange opkom. Selfverloëning word geleef deur die voorbeeld van Christus aan die kruis.

Vir doeleindes van hierdie studie word selfverloëning verstaan as die mens se belang wat ondergeskik aan dié van God en sy koninkryk gestel word. Meer positief geformuleer, kan selfverloëning verstaan word as die mens wat doelbewus sy/haar lewe harmonieer met die eise van die koninkryk van God. Selfverloëning is ’n roeping om ’n mens se lewe so in te rig dat die self nie op die voorgrond staan nie, maar dat ’n mens se lewe gerig word deur die *eise van dissipelskap* (“volg My” – Lukas 9:57-62) en *naasteliefde* (“gaan maak jy ook so” – Lukas 10:30-37). Om die koninkryk dus voorop te stel, beteken nie dat die mens se belang op die agtergrond geskuif word nie. Dit is hier waar ’n mens se belang met die van die koninkryk moet harmonieer. ’n Mens se belang harmonieer met die koninkryk wanneer wat ’n mens doen positief gerig en gevul word met die verwagte koms van die koninkryk. Prakties beteken dit dat ’n mens sal meewerk aan die koms van die koninkryk in die elkedagse lewe, dat wat met ’n mens gebeur verstaan word teen die dekor van God Wie teenwoordig is in ’n mens se lewe ongeag wat gebeur en die lewensruimte wat ’n mens vir mekaar skep.

### Etiek

Op voetspoor van die reformatoriese wysbegeerte kan die standpunt gehandhaaf word dat etiek die studie is van morele liefde in die samelewing (in kosmologiese

sin). Die etiek bestudeer dus hoe morele liefde in die samelewing neerslag behoort te vind. Prakties beteken dit dat die etiek oor alles in die samelewing kan nadink vanuit hierdie bepaalde gesigsveld (morele liefde). Die *sinkern* (dit wat die etiek te gronde lê) van die etiese is waarheid/trou. Waarheid/trou onderlê morele liefde. Dit laat die navorser met die definisie van etiek as die bestudering, identifisering en toepassing van die beginsels van waarheid/trou in morele liefde. Hierdie raamwerk word verder uitgewerk binne Douma (1983) se perspektief van etiek as *verantwoordelike handelinge* (daar is 'n verantwoordelikheid om morele liefde sigbaar in al 'n mens se doen en late te maak), Fisher (2000) se opmerking dat verantwoordelike keuses geneem moet word (die toepassing van morele liefde veronderstel keuses) en Burggraeve (1997) wat sê dat 'n mens deur jou etiese keuses moet groei tot dit wat die norm vir optrede behoort te wees (daar moet 'n voortdurende poging wees om morele liefde na te streef).

Toegepas op die onderwerp van die studie (selfverloëning) sal die etiek dus vra hoe kan morele liefde deur die beginsels van waarheid/trou vergestalt word binne die eise van die koninkryk (dissipelskap en naasteliefde)? Daar word dus keuses gemaak wat uitgevoer moet word. In hierdie proses moet 'n mens eties ook kan groei.

'n Positiewe opmerking is dat morele liefde nie *veragtend* is nie maar *agtend*. Wanneer 'n mens sy/haar eie belange nie voorop stel nie (wat eties reg is) beteken dit nie dat die mens nou veragtend teenoor hom-/haarself is nie. Trouens morele liefde verwag juis van 'n mens dat die "een hom nie hoër ag as die ander nie" wat in lyn met die sentrale liefdesgebod is (Matteus 22:34-40). Ook hier word die beginsel verder ontwikkel dat deel van 'n etiese leefwyse is om lewensruimte vir mekaar te skep.

**Pastoraat**

Patoraat kan verduidelik word as 'n *kontekstuele sorghandeling* wat deur die geloofsaspek van die werklikheid gekwalifiseer word. Die pastoraat word deur verskillende pastorale benaderings en modelle gekenmerk. Kenmerkend van die pastoraat is die klem op geloofsorg vir die persoon in nood. Deur die pastoraat word gepoog om die mens in sy/haar besondere omstandighede te *verstaan*, om vanuit die omstandighede waarin die mens is, te kom tot 'n sinvolle lewensontplooïng en om vanuit 'n nuwe perspektief op die werklikheid sinvol aan die lewe te kan deelneem. Die oorkoepelende klem is dus die geloofsversorging van die mens. Hierin kan die herder-kudde metafoor en die liggaam-opbou metafoor meehelp om singewing aan die versorging van die mens te gee (sien Lategan, 2000).

Toegepas op die onderwerp van hierdie studie (selfverloëning) kan 'n mens beweer dat binne die geloofskonteks van die pastoraat die mens tot die besef gebring moet word dat dit nie gaan oor die mens nie, maar oor God. Wie God in die oog hou, sal tot die gevolgtrekking kom van 'n Here Wie in beheer van 'n mens se lewe is. Geloofsgroei help 'n mens juis om tot 'n sinvolle lewensbestaan te kan kom. Dit is belangrik om daarop te let dat die klem val op *geloofsgroei* wat 'n proses veronderstel. Dit is ook noodsaaklik om te besef dat selfverloëning 'n kontinue proses van toewyding aan die eise van die koninkryk is. Die pastoraat moet help om tot hierdie besef te kom en moet verder help in die uitleef van hierdie proses.

## 3. Calvyn oor selfverloëning

In Boek 3 van Calvyn se Institusie skryf hy oor die Christelike lewe. In Hoofstuk 7 handel hy oor selfverloëning. Selfverloëning moet binne die raamwerk van die Christelike lewenswandel verstaan word. Die Christelike lewenswandel berus op drie beginsels:

- *Abnegatio nostri:* selfverloëning
- *Tolerantia crucis:* kruis dra
- *Meditatio vitae:* mediteer oor die toekomstige lewe

Calvyn stel dit dat 'n mens nie aan jouself nie, maar aan God behoort. Daarom lewe 'n mens nie vir jouself nie, maar vir God. Die mens gee hom-/haarself as lewende offer vir God. Die "eerste" stap tot in die Christelike lewe is om 'n mens se eie belang daar te laat en in volkome gehoorsaamheid teenoor God te leef. Selfverloëning vind plaas deur volkome oorgawe aan God. Selfverloëning kom neer op die toewyding aan God. Die mens se hele lewe word aan God gewy. Wanneer 'n mens hom-/haarself volkome aan God toewy, dan gaan dit nie meer oor eiebelang of - voordeel gebaseer op selfliefde nie, maar oor God se belang en voordeel. Hiervoor gebruik hy die treffende opmerking dat ons nie van onsself is nie, maar van God. Dit plaas die verhouding tussen God en mens in 'n bepaalde perspektief.

Calvyn gee toe dat selfverloëning nie altyd maklik is nie. Daarom moet daar 'n voortdurende toewyding aan God wees in hierdie verband.

Selfverloëning plaas selfliefde – 'n liefde ten koste van die naaste – onder die soeklig. Die toewyding aan God behoort 'n mens in hierdie saak te help. Selfverloëning gaan daaroor dat 'n mens nie jou eie voordeel soek nie, maar dié van God. 'n Toegewyde lewe teenoor God sal ál 'n mens se verhoudings positief beïnvloed. Hier speel gesindheid (ook 'n etiese aanduider – LOKL) 'n belangrike rol.

Selfverloëning leer ’n mens ook om in afhanklikheid van God te lewe en sy seën te verwag. Ook dít is net moontlik as ’n mens in volkome toewyding teenoor God lewe. Selfverloëning kom daarop neer dat ’n mens hom-/haarself volkome onder die wil van God plaas. Calvyn sê dat:

> Indien wij niet van onszelf zijn, maar van de Here, dan is het duidelijk, welke dwaling ontvlucht moet worden, en waarheen al de handelingen onzes levens gericht moet worden (Calvijn, 1949b:185).
>
> Voorzeker een Christen behoort zo geschikt en toegerust te zijn, dat hij bedenkt, dat hij in zijn ganse leven met God te doen heeft (Calvijn, 1949b:186).
>
> Want wie geleerd heeft in al zijn doen op God te zien, wendt zich tevens af van alle ijdele bedenking. Dit is de verloochening van onzzelf, die Christus zijn discipelen van hun eerste leertijd af me zo grote naarstigheid beveelt: die, wanneer ze eenmaal haar plaats gekregen heeft in het hart, ten eerste noch aan trotsheid, noch aan hooghartigheid, noch aan pralerij, en verder ook niet aan gierigheid, onkuisheid, zucht na weelde, verwijdheid en andere boosheden, die ontstaan uit liefde tot onzzelf, enige ruimte laat (Calvijn, 1949b:185).

In Boek 3, Hoofstuk 8 van die *Institusie*, handel Calvyn oor die dra van die kruis (Matteus 16:24). Vir hom beteken die kruis dra om volkome vertroue in die mag van die Here te hê. Dit veronderstel dat ’n mens hom-/haarself in vertroue aan die Here oorgee en aanvaar wat met ’n mens gebeur. Die kruis help ’n mens om God se getrouheid te beleef en gee ’n mens hoop vir die toekoms. Die kruis leer ’n mens om nie op hom-/haarself te vertrou nie, maar op God. Die kruis wat ’n mens opneem, staan ook in die teken van gehoorsaamheid aan God omdat Christus aan die Vader gehoorsaam was deur self sy kruis op te neem. Dit vra ook dat ’n mens die betekenis van die kruis sal raaksien en daaraan vashou. Die kruis leer verder om ’n mens se eie belang eenkant te skuif en op God te vertrou. ’n Mens vetrou op God ongeag dit wat met ’n mens gebeur. Dit gaan in die dra van die kruis nie oor ’n toeval nie, maar ’n oorgawe.

In Boek 3, Hoofstuk 9 van die Institusie, handel Calvyn oor die meditasie van die toekomstige lewe. Hier skryf Calvyn dat die mens besef hoe feilbaar hy/sy is en dat ’n mens maklik vertroue in God kan verloor. Dit is daarom belangrik om oor die toekomstige lewe na te dink en ’n mens steeds op die verwagting van die hemel te rig.

Selfverloëning beteken nie dat ’n mens nie waardering vir die lewe moet hê nie. Die teenswoordige lewe kan nie los van die toekomstige lewe gedink word nie. Daar bestaan ’n natuurlike vrees vir die lewe, maar ’n mens moet vashou aan die oorwinning wat Christus behaal het.

**Kommentaar**

Dit is duidelik dat Calvyn se siening van selfverloëning by sy teensin in materialisme inpas. Dit hou verder met sy teologiese interpretasie van toeval en voorsienigheid verband.

Calvyn het dit teen menslike (en die owerheid) se gierigheid om net te wil hê en ander daardeur uit te buit. Calvyn trek in Boek 4, Hoofstuk 20, te velde teen die prinse se vermorsing en onnodige luuksheid. Selfverloëning in ’n materiële konteks beteken nie om alles te besit wat ’n mens begeer nie. Maar dit beteken ook nie dat dit wat ’n mens het, verkeerd is nie. Dit is duidelik dat ekonomiese verantwoordelikheid op die voorgrond moet staan. Die beginsel van *verantwoordelikheid* is dus belangrik in selfverloëning. In die verlengde hiervan kan die afleiding gemaak word dat in selfverloëning ’n mens verantwoordelik teenoor ’n mens se eie behoeftes en omstandighede moet wees, asook teenoor die van ander mense.

Calvyn verstaan selfverloëning ook teen die agtergrond van toeval en voorsienigheid. Vir Calvyn gebeur alles volgens die wil van God en niks word aan toeval oorgelaat nie. In Boek 1 (Hoofstukke 16-18) handel Calvyn oor toeval en voorsienigheid. Hy skryf dat God alle gebeurtenisse bestier. God is ook die onderhouer en bestierder van alles in hierdie wêreld. Alles wat gebeur, is ooreenkomstig die wil van God. Calvyn laat ook geen ruimte vir die noodlot of toeval nie. Ratio ontbreek nie in die Godsbestier nie. Hierdie beskouing onderstreep sy standpunt dat die mens nie van hom-/haarself is nie, maar van God.

Op basis van Calvyn se beskouing van selfverloëning kan drie belangrike afleidings vir hierdie studie gemaak word:

- God is die Oorsprong van alles. Die mens word dus tot ’n lewe van toewyding teenoor God opgeroep.
- God bestier alles volgens sy Raadsplan. Die klem val dus op wat God wil en nie die mens nie.
- Omdat God oor alles Heer en Hoof is, moet die toewyding wat dit van ’n mens vra ook deurvloei na ander mense se lewens.

Teen die agtergond hiervan, kan nou na die praktiese toepassing van selfverloëning beweeg word.

## 4. Etiek en selfverloëning: voorbeelde uit die bewaring van lewe

**Die begin van lewe**

*Etiese kommentaar op lewe is niks nuut nie*

’n Christelik-gefundeerde (mediese) etiek ag lewe heilig en dring daarop aan dat lewe gekoester en beskerm moet word. Skriftuurlike bewyse ter ondersteuning

van ’n Christelike etiek word gebaseer op Genesis 9:5-6, Eksodus 22:13, Job 10:8-12, Psalm 139:13-16, Jeremia 1:5 en Lukas 1-2.

Teologiese (dogmatiese) ondersteuning vir ’n Christelike etiek oor lewe word gevind in onder meer ’n mensbeskouing (die mens as *imagio Deo*), die teodisee vraagstuk (die sin van lyding) en roeping (die vergestalting van die koninkryk).

Selfs buite die eng gedefinieerde dampkring van ’n Christelik gefundeerde etiek word etiese kommentaar op die lewe gelewer. Uit *mediese* kringe spreek die bekende *Hippokratiese eed* reeds ’n waarde-oordeel oor lewe uit: (“With purity and with holiness I will pass my life and practice my Art”. Die “nuwe” *Hippokratiese Eed* onderneem: “That you will exercise your art solely for the cure of patients ...”). ’n Meer resente dokument soos die *Helsinki Verklaring* swyg ook nie wanneer dit by ’n waardeoordeel oor lewe kom nie. In hierdie dokument word gehandel oor mediese navorsing op mense. Streng riglyne is neergelê om menslike lewe teen die willekeurige omgang met die lewe te beskerm.

Vanuit die menseregte-beweging word daar ook etiese kommentaar gelewer op lewe. Die Amerikaanse verklaring van die *Bill of Rights,* die Franse Revolusie en die Universele Verklaring van Menseregte is alles voorbeelde hiervan. Mense het reg op lewe.

*Daar moet dus aanvaar word dat die reg op lewe as ’n universele reg beskou word.* Tog is dit die één reg wat nie net bevraagteken word nie, maar selfs nie altyd op wetlike beskerming aanspraak kan maak nie. *Aborsie op aanvraag (abortus provocatus)* word in min lande nie meer gedebatteer nie. Dit word as ’n gegewene beskou.

Die Suid-Afrikaanse situasie is deel van hierdie gegewene. Aborsie is in die Suid-Afrikaanse konteks deur twee verskillende juridiese sienings gereël. Die *Aborsie en Sterilisasiewet* (Wet 2 van 1975) het aborsie op aanvraag verbied, uitgesluit bepaalde omstandighede (indikasies) wat deur mediese en sielkundige redes genoodsaak is. Hierdie kategorieë het ingesluit sielkundige versteurings, verkragting, ens. In 1996 is hierdie wet se aborsiebepalings gewysig met die proklamering van die *Choice on Termination of Pregnancy Act* (Wet 92 van 1996). Die wysiging kom daarop neer dat *abortus provocatus* nie meer ’n strafbare daad is nie. Hierdie wet is in 2004 (Wet 38 van 2004, *Choice on Termination of Pregnancy Amendment Act*) geamendeer om toegang tot aborsieklinieke en prosedures vir die uitvoer van aborsie te vergemaklik. In twee - drie dekades het die fokus dus weggeskuif van *geen aborsie op aanvraag* tot *aborsie op aanvraag; van assistensie onder sekere toelaatbare kategorieë* tot *assistensie om aborsie op aanvraag uit te voer*.

## Genadedood

Die oopmaak van die debat oor genadedood is opnuut weer geaktualisseer deur ’n koerantberig oor die Britse dirigent, sir Edward Downes en sy vrou, Joan, wat in ’n bystandselfmoordkliniek dood is. Hy was 85, byna blind en al hoe dowerwordend. Sy vrou, 74 jaar oud, het skynbaar kanker gehad. Hulle is “vreedsaam en in omstandighede wat hulle self gekies het, dood” (*Volksblad*, 15 Julie 2009, p. 3).

Genadedood (eutanasie) (etimologies afgelei van *eu = goeie of sagte* en *thanatos = dood)* op die ander punt van die lewenskontinuum, word al hoe meer die onderwerp van bespreking. Waar algemeen aanvaar word dat *passiewe genadedood* (die daadwerklike onthouding van mediese ingrepe om lewe te herstel in gevalle waar daar geen rede hiervoor bestaan nie) eties regverdig is, word die aandag nou verskuif na *aktiewe genadedood* (die daadwerklike mediese ingrepe om lewe te beëindig). Om die etiese aanvaarbaarheid hiervan te versag, verwys mense selfs na *geassisteerde selfmoord*. Dit klink net beter as ’n mens self ’n aandeel het aan die beëindiging van sy/haar lewe. Remans (2005:258) is reg as hy vra of genadedood net gaan oor die liggaamlike toestand of ook oor psigiese, morele en geestelike toestand. Hy vervolg deur op te merk dat die gesprek oor menslike waardigheid nie net gaan oor die besit van regte nie “wel uit het bewustzijn van een zekere autonomie en van de erkenning als menselijke persoon”.

Wat opval in die houding teenoor lewe, is dat lewe ’n *rakleeftyd* het. Sodra dit by die vervaldatum verby is, dan is die lewe nie meer die moeite werd om geleef te word nie. Saam met rakleeftyd (as verbuikersbegrip) is daar ook die persepsie dat lewe *vervangbaar* is: Gooi weg dit wat nie meer die moeite werd is nie. Vernietig uitgediende lewe. (Die ironie is dat dit nie altyd eers met nuwe lewe vervang kan word nie!)

Juis bogenoemde metafoor belig die etiese dilemma rondom die begin en einde van lewe. Dat biotiese lewe begrens is (lees rakleeftyd), is ’n gegewene. Dat lewe deur menslike ingrepe beëindig kan word, is ook ’n feit. Die probleem is egter dat mense ’n vervaldatum aan lewe wil toeken en implementeer volgens menslike standaarde en oorwegings. Hiermee kan ’n Christelike etiek nie vrede hê nie. Velema (1996:78/9) wys op ’n “fanatisme” om lewe te vernietig of die natuurlike afsterf van ’n persoon te probeer uitstel. Sy probleem is dat die motief van naasteliefde afwesig is in hierdie besluite.

In ’n omgewingsklimaat waar die klem al meer op selfisme val (egoïstiese ideologie) sal lewe altyd ’n mensgeïnisieerde vervaldatum hê. In hierdie houding is niks van selfverloëning ter sprake nie; eerder selfvernietiging. Die vraag wat hieruit voortvloei, is hoe moet lewe beoordeel word tussen die werklikheid van biotiese begrensdheid en gekose beëindiging?

Velema (1996:79-80) kies vir ’n gesindheid van “pastorale bewoëndheid”. Hiermee bedoel hy die manier waarop na ander mense uitgereik word. Vir hom is die manier hoe mense na mekaar omsien (hulpverlening aan ander) ’n voorbeeld van Christus se priesterlike pastoraat. Indien selfverloëning verstaan word as die belang van God en nie die mens nie, dan kan ’n gesindheid van ondersteunende liefde om menswaardigheid te behou, gesien word as ’n handreiking van een mens waarin die liefde van God voorop staan. Douma (1983:149) onderstreep die positiewe van ’n etiese handreiking: “Met zo ’n handreiking leght hij het leven van zijn naaste niet aan banden, maar wil hij het juist tot betere ontplooiing brengen.”

**Kommentaar**

’n Beskouing waar die waarde van lewe (die van die eie of van ander) nie gerespekteer word nie is vreemd aan die Bybel. Hoewel die Bybel nie begrippe soos aborsie of genadedood ken nie, het dit ’n ensiklopediese benadering tot lewe. Die wêreld van die Ou Testament is ver van die mediese tegnologie van ons tyd. Dit weet nie van sonars, inplanting of seldeling nie; dit verwys ook nêrens na breindood, EEGs of dergelike tegnieke om die kwaliteit van lewe te bepaal nie. Die Bybelskrywers het dit ook nie nodig gehad nie. Vir hulle begin en eindig die lewe by God. Job 10 en Psalm 139 vertel van ’n God wat menslike lewe skep. Die skrywers gebruik húlle verwysingsraamwerk om die sluier oor die ontstaan van menslike lewe te lig. Vir Job as landbouer vorm God die lewe soos kaas en klei. Hy en die psalmdigter deel die oortuiging dat God been en vleis, spiere en skelet by mekaar gebring het. Albei die skrywers vestig die gedagte dat God met sy eie hande ’n mens gemaak het. Hiermee ontken hulle nie die misterieuse wyse van menslike skepping nie of dat daar ’n debat is oor presies wanneer daar nou sprake van lewe is nie (Du Toit, 1989). Du Toit (2008:658) is dus reg as hy daarop wys dat die probleem nie met die mediese feite oor die ontstaan van menslike lewe is nie, maar die wyse waarop hierdie feite geïnterpreteer word vanuit ’n religieuse perspektief. Wetenskaplik gesien, kan lewe anders ontwikkel as waaroor ’n mens ’n geloofsuitspraak maak. Maar nóg die geloofsuitspraak nóg die wetenskaplike feit sluit mekaar uit. Die wetenskap bevestig (met behulp van tegnologiese ondersteuning) hoe lewe ontstaan en ontwikkel. Die Bybel weer “sien” God se hand in die ontstaan en die ontwikkeling van die lewe. ’n Mens kry die idee dat al sou hulle die mediese kennis en tegnologie gehad het om oor lewe te besin, dan sou hulle nog steeds hierdie standpunt huldig: Lewe kom uit die hand van God uit. Hierdie oortuiging is so sterk dat Jeremia (1:5) rapporteer dat God hom reeds in die moederskoot geken het. Die Prediker (12:7) rond dit af met die opmerking dat met die dood gaan die gees terug na God wat dit gegee het. Lewe begin by God.

Lewe eindig by God. Die Prediker gebruik onvergeetlike beelde om die afloop van die lewe te beskryf. Wat bybly uit hierdie beskrywing, is dat lewe ’n natuurlike afloop behoort te hê todat dit soos ’n kruik by die fontein stukkend breek en die wiel by die put stukkend val om daarmee die finaliteit van die afloop van lewe te beskryf (sien Vos, 2006:110). Die psalmdigter word nog meer spesifiek hieroor as hy skryf dat al die dae van ’n mens se lewe by God opgeteken is (Ps 139:16). De Liagre Böhl en Gemser (1968) verwys hierna as God se totale bemoeienis by die lewe van die mens.

Teen die agtergrond hiervan, ken die Bybel nie iets soos ’n vervaldatum van lewe in die sin dat lewe nie meer goed genoeg is nie. Lewe is besonders omdat dit van God afkom. Trouens, in God se oë is lewe so kosbaar dat die Sesde Gebod (Eksodus 20:13) nie net die doodmaak van lewe verbied nie, maar selfs elke haatgedagte teen lewe of die kwaliteit daarvan verbied (Matteus 5:22). Dit bly om hierdie redes moeilik begrypbaar dat ’n menseregte gedrewe samelewing kan redeneer dat lewe ’n vervaldatum het.

Toegepas op die onderwerp van selfverloëning help Wolfs (2008) om tot ’n bepaalde perspektief te kom. Wolfs handel oor genadedood gesien vanuit Levinas se verantwoordelikheidsetiek. Volgens Levinas lê die sin van die lewe in die verantwoordelikheid teenoor ander. Verantwoordelikheid roep ’n mens op om lewe (voorgeboortelik en kwynend) nie te minag nie, maar steeds as lewe te respekteer. Hierdie respek beteken nie dat ’n mens lewe moet verabsoluteer nie en dus ten alle koste moet beskerm/bewaar nie. Die etiese betekenis is eerder dat ons ander/mekaar moet help dat ’n mens sy/haar lewe sinvol sal kan leef. Dit gaan dus oor die lewensruimte wat vir mekaar geskep moet word. As selfverloëning beteken dat ’n mens sy/haar eie lewe moet harmoniseer met die van ander binne die eise van die koninkryk, dan kan ’n mens die volgende geldige afleidings maak: Geen vrou kan haar eie belang voorop stel deur die fetus te aborteer as dit nie nou in die sin van haar lewe of die van haar vriend/man inpas nie. (Aborsie hier verwys na aborsie op aanvraag.) So ’n beskouing gee erkenning aan die fetus as ’n ontwikkelende mens met alle potensiaal om volledig mens te word. Selfverloëning beteken dus dat ’n mens ook dink aan die etiese oorwegings van ’n gemeenskap (hier die Christelike gemeenskap) en dat dit ook gerespekteer word. Nog belangriker is om op te merk dat dit nie gaan oor ’n eie belang wat moet seëvier nie. In genadedood weer gaan dit eerder oor die vraag van ’n goeie/sinvolle lewe wat in gemeenskap met ander geleef kan word. Die aanvraag van die dood is nie noodwendig die antwoord op die gestelde vraag nie. Hier kan paliatiewe sorg help om hierdie sinvolheid te realiseer.

## 5. Pastoraat en selfverloëning: Versoening met lyding

Die besinning oor lyding is ook nie nuut nie. Wat egter opval, is hoe pogings aangewend word om lyding te *verklaar* sonder dat die betekenis (in terme van geloofsgroei) daarvan *bewaar (oordink)* moet word. Een van die grootste uitdagings van die pastoraat is om inhoud te gee aan selfverloëning eerder as 'n meganistiese antwoord soos dat alles wat gebeur uit die hand van God uit kom en dat 'n mens daarin moet berus. Dit kan mense laat voel asof hulle aan die noodlot uitgelewer is. Selfverloëning kan 'n mens help om uit hierdie greep van determinisme te kom.

Die volgende perspektiewe kan selfverloëning binne die konteks van die pastoraat bevorder:

*Eerstens is lyding 'n worsteling met God.* Een van die moeilikste probleme vir die gelowige is wáárom laat God hierdie lyding toe? Hoe kan die liefdevolle God toelaat dat die mense terminaal siek is, met kanker gediagnoseer word, mishandel word, honger is, verkrag word, gekaap word, werkloos is, in sy eie huis agter tralies woon, dat skelms die botoon voer, dat dienslewering in duie stort? Hierdie worsteling plaas God in die beskuldingsbank. Hy was dan altyd so getrou gewees, maar nou skielik staan God en toekyk hoe die mens en sy/haar wêreld vergaan. Die Klaagliedere-digter beleef God as een wat die donker sy tuiste maak, sy bene breek, vir hom swaar bronskettings aansit en weier om sy gebed te verhoor (Klaagliedere 3:4-8). God hul Hom ook in 'n wolk, sodat geen gebede by Hom uitkom nie (Klaagliedere 3:44). God is nie net teen hom nie, maar mense sing selfs spotliedjies oor hom (Klaagliedere 3:14) en maak op hom jag soos 'n voël (Klaagliedere 3:52). In 'n krisis word God en 'n mens se geloof albei problematies. God word 'n probleem, want mense beleef God se vyandigheid en afwesigheid van sy ontferming; altans so voel dit. Geloof word ook 'n probleem want skynbaar baat 'n vroomheidslewe niks nie. Psalm 73 se digter wonder selfs of die goddeloses nie méér voorspoedig as die regverdige is nie? Worsteling met God is allesbehalwe verkeerd. Psalm 13 roep met die laaste lewenskrag uit: "Hoe lank nog Here?" *Die wonder is dat dit nooit 'n worsteling sonder God is nie. Onsekerheid* sal deel van hierdie proses wees. Van Niekerk (1994) help om hierdie perspektief goed te verstaan met die volgende opmerkings. "Ons keuse is nie 'n keuse tussen *onsekerheid* en geloof nie. Ons keuse is 'n keuse tussen *ongeloof* en geloof – en laasgenoemde sluit soms onsekerheid in." Selfverloëning beteken dus dat, omdat God se *bona vides* aanvaar word, 'n mens met Hom kan/mag worstel. Selfverloëning het geensins die veronderstelling dat 'n mens nie ook vrae aan God kan stel nie. Hiervan getuig Job se se worsteling met God om sy "onskuld te bewys" (sien Meyer *et al.*, 2005). Klaagliedere maak 'n mens bewus dat die mens in sy/haar konkrete nood tot God kan bid (in hoop en wanhoop) om God se

heilvolle ingryping. Die dringende worsteling met God is die besef dat slegs Hy die nood kan oplos. Dié houding kan as ’n egte soeke na selfverloëning geïnterpreteer word. Renkema (1993:340/1) merk op: “Het gaat hen niet om een beschrijving van de grote nood an sich, maar om de mensen die dit beleven en daardoor hun godsrelatie dreigen te verliezen of reeds verloren hebben.”

*Tweedens is lyding ’n worsteling saam met God.* Die worsteling *met* God, word ’n worsteling *saam* met God. Klaagliedere en Romeine worstel met God oor lyding. Klaagliedere handel oor die heil van God in die verlede, wat Hy toe vir Israel gedoen het en die geloof dat Hy dit weer sal doen. Die Romeinebrief handel oor wat God aan die kruis gedoen het vir ons. Beide sien die sin van hulle lewe in die teenwoordigheid van God. Klaagliedere sien dit binne die trou van God. God is die digter se lewe. Die Here is goed vir wie op Hom hoop (Klaagliedere 3:23-25). Hierdie verwagting het te doen met sy ervaring van God. Daarom moet ’n mens geduldig wag op God (Klaagliedere 3:26). Die Romeinebrief bevestig die vryspraak deur die kruisdood van Christus. Dit is opvallend dat, terwyl die Klaagliedere-digter sy nood bekla, sing hy sy triomflied (sy gedagtes draai vas (Klaagliedere 3:20) maar hy bly steeds hoop (Klaagliedere 3:21)). Paulus besig dieselfde taal: In die Romeinebrief is hy nou reeds meer as ’n oorwinnaar (Romeine 8:37).

As deel van selfverloëning is om ’n mens se kruis te dra, dan is deel van daardie kruisdra ook om hoopvol voor God te leef.

*Derdens oorwin hoop lyding.* Die hoekom van lyding gaan oor in die *wáártoe van hoop.* Beide het ’n hoop. Hoop is ’n begronde verwagting. Die Klaagliedere-digter se hoop is geen gemoedstoestand nie, maar ’n geloof in God se teenwoordigheid (Klaagliedere 3:57). Ook hier kan ons by Calvyn skoolgaan. Hy gebruik die leerstuk van die *Providentia Dei* om ook troos te bied (Lategan, 1990; Theron, 2004). In hierdie leerstuk kan “voorsienigheidsgrammatika” geïdentifiseer word (woorde soos dankbaarheid, gehoorsaamheid, toewydig, ens. (Lategan, 1990)). As voorbeeld kan na die volgende uit Calvyn se briewe verwys word: Ná die afsterwe van Richebourg se seun, skryf Calvyn in 1541 ’n brief waarin hy hom bemoedig. Hierin druk hy dit hom op die hart dat wanneer God iets gedoen het, dit nie aan toeval of die noodlot toegeskryf moet word nie, maar dat dit ooreenkomstig God se wil plaasgevind het. God is regverdig en Hy weet wat vir ons goed is. Alles behoort met ’n gesindheid van dankbaarheid uit sy hand ontvang te word (sien Calvin, 1961).

*Vierdens moet lyding ’n mens by ’n nuwe lewenshouding bring.* Hierdie lewenshouding veronderstel dat ’n mens voorentoe en nie agtertoe moet kyk nie. Dit gebeur deur die leef en die kommunikasie van hierdie nuwe lewensverwagting.

Hierdie nuwe ingesteldheid ignoreer nie die situasie nie. Trouens dit is bewus van die realiteit daarvan, maar gebruik juis hierdie realiteit om verby die moontlike verklaring te kyk na hoe 'n mens eerder nuut kan groei in hierdie omstandighede.

Uit hierdie enkele perspektiewe op selfverloëning en lyding is dit duidelik dat selfverloëning nie maar 'n meganistiese oorgee aan God is nie, maar veronderstel juis 'n dinamiese verhouding met God. So gesien, word die negatiewe verstaan van selfverloëning deurbreek. Verder kry selfverloëning lewe vir die pastoraat en kan die pastoraat juis selfverloëning gebruik om tot 'n nuwe dinamiese verhouding met God en mense te kom.

## 6. Selfverloëning: Die roeping om in die teenwoordigheid van God te leef

Uit die perspektiewe en argumente tot hier, is dit duidelik dat selfverloëning eerder postitief vir die Christelike lewe as negatief verstaan moet word. Die positiewe verstaan van selfverloëning dui daarop dat selfverloëning 'n roeping is om binne die eise van die koninkryk te leef in die teenwoordigheid van God. Die volgende gevolgtrekkings kan as verdere motivering vir hierdie standpunt aangebied word:

### *Eerstens gaan selfverloëning nie oor die mens nie, maar oor God*

Van Zyl (1964:192) se studie oor Calvyn se beskouing van die Christelike lewe beklemtoon dat God die middelpunt van menslike handelinge moet wees. Dogmaties gesien, pas dit in binne Calvyn se beskouing van die *Providentia Dei.* Saxer (1980:23) verwys hierna as 'n *Art Lebenselement* in Calvyn se teologie.

### *Tweedens gaan selfverloëning oor gesindheid (as etiese merker)*

Gesindheid vra dat een mens (ek) nie ten koste van ander (jy) behandel sal word nie (Wat is ander se gesindheid teenoor my?), ook nie dat ander (jy) ten koste van my (ek) benadeel sal word nie (Wat is my gesindheid teenoor ander?). Selfverloëning gaan nie oor die keuse tussen die een of die ander nie, maar 'n keuse vir beide partye. Gesindheid – as kenmerk van selfverloëning – raak dus tussenmenslike verhoudinge.

### *Derdens gaan selfverloëning oor die verstaan van 'n mens se verantwoordelikheid teenoor hom-/haarself (selfliefde) en ander mense (naasteliefde)*

Die Bybel is vol voorbeelde van hoe mense in verhouding tot mekaar lewe – vandaar die bekende begrip dat die mens 'n verhoudingswese is. In hierdie verhouding staan verantwoordelike handelinge en keuses sentraal. Ook deur 'n mens se handelinge en keuses bring 'n mens ander mense tot versoening.

Selfverloëning maak ’n mens daarvan bewus dat die naaste nie vir die kerk verlore moet gaan nie (Matteus 18:15-20 – om die broer wat gesondig het vir die koninkryk terug te wen), maar ook nie langs die pad gewond moet bly lê nie (Lukas 10:30-37 – die gelykenis van die barmhartige Samaritaan). Al hierdie uitreike is net moontlik wanneer die eiebelang plek maak om God se koninkryk te laat deurbreek deur vir ander mense om te gee (sien Heyns, 1975). Van Wyk (1983:16ff) vestig die aandag daarop dat hoewel Calvyn geen uitgewerkte ekonomiese etiek gehad het nie, Calvyn altyd ’n oog vir die armes gehad het. Hy verstaan daarom ook die rente-aangeleentheid teen die agtergond van uitbuiting van hulle wat minder as ’n mens het. Van Zyl (1964:191) merk uit Calvyn se selfverloëning op dat niks wat die mens doen sy/haar naaste moet aanstoot gee of laat struikel nie. Daar is dus ook ’n pastorale verantwoordelikheid opgesluit in selfverloëning.

***Vierdens gaan selfverloëning oor ’n roeping om as burger van die koninkryk te leef***

Heyns (1972) se gehoorsaamheidsteologie of koninkryksteologie het baie bygedra om die perspektief te vestig dat wat ’n mens doen, binne die ruimte van die koninkryk van God gedoen word. In hierdie koninkryk gaan dit oor God en nie die mens nie. ’n Mens vind sy roeping in diens aan God wat deurvloei na die diens aan die mens. Wie ’n dienskneg wil wees, kan nie anders nie as om hom/haar self te verloën nie. Die kern tot hierdie verskillende dimensies is *verhoudinge*. Die aanwesigheid van selfverloëning ondersteun en bevorder ’n verhouding, terwyl die afwesigheid daarvan verhoudinge tot skipbreuk kan laat lei. Elke mens het dus die verantwoordelikheid én roeping tot selfverloëning.

Selfverloëning as roeping dek die hele lewe. Waar ’n mens is, daar moet die roeping van selfverloëning ook uitgeleef word.

Burger se ontwerpe van ’n roepingsteologie kan ’n mens help om selfverloëning ook as ’n roeping te verstaan. Vir Burger (2005:14,19) staan roeping sentraal in die Bybel. Hy skryf dat roeping ’n mens nie net help om God en jouself beter te verstaan nie, maar ook ’n kompas vir die kerk is om ’n positiewe rol in ’n land/gemeenskap te speel. Burger (2005:24-25) sê dat roeping ’n mens se hele lewe raak. Roeping het nie net met ’n deel of aspek van die lewe te doen nie, maar met die hele lewe (Burger, 2005:24). Hy skryf dat:

> Roeping is om te verstaan dat die Here *jou ganse lewe* aan jou gegee het as *’n gawe en ’n opdrag* en dat jy *met alles wat jy doen* op hierdie gawe en roeping van die Here *antwoord.*

’n Ontmoeting met die lewende God staan sentraal in roeping (Burger, 2005:35). Roeping is as’t ware God se intrede in ons lewe (Burger, 2005:40). Die Bybelse roepingsverhale behels drie sake (Burger, 2005:14):

- ’n nuwe ontmoeting met God;
- ’n nuwe verstaan van jouself; en
- dieper insig in die lewe.

Roeping roep vrae op oor ’n mens se bestaan voor God en saamleef met Hom (Burger, 2005:29-30). Saam met die Reformasie kies Burger vir ’n roeping wat ’n lewende verhouding met God veronderstel (Burger, 2005:201). Die Bybel gebruik verhoudingstaal wanneer gepraat word oor hoe God met mense wil leef (Burger, 2005:83). Goeie voorbeelde hiervan is die Eksodusverhaal en die verhaal oor Martha en Maria (Lukas 10:38-42) (Burger, 2005:84,85). Vir hom kan die “geloofs-dissiplines” die groei in hierdie verhouding bevorder. Geloofsdissiplines beteken dat “ons *op die regte plekke is, in die regte rigting kyk, met die regte dinge besig is – sodat ons God se vernuwende en energerende krag kan ontvang* wanneer Hy dit aan ons gee” (Burger, 2005:88 – sy kursivering). Voorbeelde van geloofsdissiplines is stilte en afsondering, die erediens saam met ander voor die Here se aangesig, Bybellees, luister en nadink, geestelike gespreke en gebed (Burger, 2005:89-91).

Burger maak baie van die ons/mekaar tekste. Hy stel dit duidelik dat roeping nie net oor die individu gaan nie maar ook wat tussen mense gebeur (Burger, 2005:154-162). Hoewel roeping ’n individuele kant het, gaan dit oor God en sy koninkryk (Burger, 2005:169). Dit maak dat een mens ’n ander mens raaksien. Dit is hier waar die gemeentes so ’n belangrike rol kan speel (Burger, 2005:155-157). Hier sal die klem op die etiek van die Christelike roeping val – dit is dissipelskap en die navolging van Christus.

### *Vyfdens is selfverloëning ’n toewyding aan God*

Saam met selfverloëning het die begrip “askese” in onbruik in die etiek geraak. Maar askese se oorspronklike bedoeling kan ’n mens ook help om selfverloëning as toewyding aan God te verstaan. (Calvyn self was nooit deur askese aangevuur nie (Van Zyl, 1964:190; Velema, 1976:30)).

Douma (1983:151-157) gee ’n positiewe waardering van die askese. Die oorsprong hiervan is in sy eie verstaan van etiek as verantwoordelike handelinge teenoor die naaste én God. Askese is afgelei van die griekse woord “askein” wat oefening beteken. Hoewel askese dikwels met “onthouding” vereenselwig word, is die werklike betekenis van askese eerder “oefening”. Askese gaan oor ’n oefening in vroomheid (teenoor God). Askese behoort deur al die liturgiese elemente in die erediens geaktiveer te word. Douma wys daarop dat askese in onbruik verval het, omdat die oefening in vroomheid teenoor die gewone lewe gestel is. Vir Douma is die gebed, die erediens, Bybelstudie, omgang met die Woord, ens. ’n belangrike instrument om askese in werking te stel. Hy sê:

> De oefening in die vroomheid, in gebed en in het onderzoek van de Schrift op de zondag en in die kring van de huisgeszin, zijn geen franje aan ons verantwoord handelen, maar zij *bepalen* ons handelen. En daarom is het heel gewoon dat christelijke ethiek aan dit onmisbaar aspect van ons leven aandacht geeft (Douma, 1983:156-7).

Prakties beteken dit dat selfverloëning *be-oefen* (toegepas) maar ook *ge-oefen* moet word. Met ge-oefen word bedoel dat 'n mens in die verhouding met God juis toegespits moet wees om hom-/haarself aan God toe te wy in sy teenwoordigheid. Selfverloëning is dus ook 'n saak van nadenke en verwagting – 'n beskouing wat met Calvyn se *meditatio vitae* (mediteer oor die toekomstige lewe) verband hou.

'n Mens kan egter nie anders as om iets van die vreemdelingskap van die lewe in Calvyn se selfverloëning op te merk nie. Die gevaar bestaan dat 'n mens Calvyn se selfverloëning verstaan as "veragting van die wêreld". Dit sou nie reg aan Calvyn laat geskied nie. Vandaar die positiewe rol wat askese in die verstaan en uitleef van selfverloëning kan speel.

Velema (1976:34) – op voetspoor van J. Douma en Calvyn – stel eerder voor dat die lewe gesien moet word in terme van die metafore van "pelgrimstog" en "wagpos". Pelgrimstog versinnebeeld dat 'n mens na iets beters op pad is. Wagpos veronderstel dat dat die mens nog 'n taak het daar waar hy/sy is. So gesien word die lewe nie verag nie, maar word ook vasgehou dat dié lewe nie die enigste lewe is nie. Selfverloëning word dan 'n roeping om die lewe te leef, maar ook 'n verwagting van 'n koninkryk wat kom.

## 7. Samevatting

In hierdie studie is uitgewys dat selfverloëning maklik verkeerd verstaan kan word (ék ten koste van ander). Byvoorbeeld: Selfverloëning kan beteken dat mens geen selfwaarde het of in eie belang mag optree nie. Selfverloëning beteken dat 'n mens hom/haar aan die lewe moet onttrek. Sulke beskouings is ver van die Bybelse bedoeling van selfverloëning. Bavinck (1980:123/4) merk van Calvyn se beskouing oor selfverloëning op:

> He does not mean that life ought to be held from, suppressed, or mutilated, but wishes to convey the idea that the Christian should not give his heart to this vain, transitory life, but should possess every as not possessing it, and put his confidence in God alone.

Calvyn het ons gehelp om nie die mens nie, maar God in die verhouding tussen mense raak te sien. Calvyn het ons ook gehelp om nie 'n skeiding tussen Woord en lewe te sien nie.

Die omgang met Calvyn se beskouing van selfverloëning het ook bygedra dat (1) 'n positiewe waardering van selfverloëning gegee kon word, (2) die aktualiteit

daarvan vir die etiek en pastoraat beklemtoon is, (3) dat selfverloëning nuut gebruik kan word in 'n mens se verhouding tot God en (4) dat selfverloëning kan help om verhoudings tussen mense te genees en te verstewig.

## 8. Toepassing en integrasie

Selfverloëning maak 'n mens daarvan bewus dat, ten spyte van die broosheid van die lewe – in die volle kontinuum daarvan – die mens nie vir hom-/haarself kan lewe nie. Die lewe moet geleef word in die teenwoordigheid én afhanklikheid van God. Hierdie broosheid is nie tot die begin van lewe (*abortus provocatus*) of die verhasing van die einde van die lewe (genadedood) beperk nie, maar betrek ook dit wat tussen hierdie twee pole gebeur (lyding). Hierdie werklikheid vra 'n nuwe ingesteldheid van 'n mens. Die opdrag tot selfverloëning kan hiermee help. Selfverloëning is nie die aflê van die lewe nie, dit is juis die verstaan en aanneem van die lewe. Geen mens kan hom/haar afskei van verhoudings met ander mense nie. Daarom speel gesindheid as etiese merker 'n belangrike rol. Indien selfverloëning beteken dat die klem verskuif word van nie my belange eerste nie, maar dat die ander se belange ook in ag geneem moet word, dan leef 'n mens in harmonie met die roeping tot selfverloëning. Wie in harmonie met hierdie roeping leef, kan die eise van die koninkryk nakom.

Wie selfverloëning só verstaan, verloor enersyds die eiebelang van die lewe, maar vind dit terug deur die besef van lewe wat nie in isolasie geleef kan word nie.

Calvyn het ons met die verstaan hiervan gehelp.

## Bibliografie

*BYBEL*. 2006. Nuwe Lewende Vertaling. Vereeniging: CUM.

BAVINCK, H. 1980. Calvin and common grace. In: Armstrong, W.P. (Ed.), *Calvin and the Reformation*. Michigan: Baker Book House. 99-130.

BURGER, C. 2005. *Ontmoetings met die lewende God*. Wellington: Bybelkor.

BURGGRAEVE, R. 1997. Een christelijke ethiek van het haalbare. Wuyts, B. (Red.), *De geest rust nooit: Gelovigen in beweging.* Kapellen: Patmos. 143-152.

CALVIJN, J. 1949a. *Institusie.* Eerste Deel (Boek 1 en 2). Delft: Naamloze Vennootschap W.D. Meinema. Uit Latyn vertaal deur A. Sizoo.

CALVIJN, J. 1949b. *Institusie.* 2de deel (Boek 3). Delft: Naamloze Vennootschap W.D. Meinema. Uit Latyn vertaal deur A. Sizoo.

CALVIJN, J. 1949c. *Institusie.* 3de deel (Boek 4). Delft: Naamloze Vennootschap W.D. Meinema. Uit Latyn vertaal deur A. Sizoo.

CALVIN, J. 1961. *Johannes Calvins Lebenswerk in seine Briefen.* Moers: Neukirchener Verlag. Vertaal deur R. Schwarz.

DE LIAGRE BÖHL, F.M.T. & GEMSER, B. 1968. *De Psalmen.* Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach.

DOUMA, J. 1983. *Verantwoord handelen.* Kampen: Uitgeverij van den Berg.

DU TOIT, D.A. 1989. *Antroplogie en embriologie.* In: Theron, P.F. en Kinghorn, J. (Reds). *Koninkryk, kerk en kosmos.* Bloemfontein: Pro-Christo Publikasies. 101-111.

ENGELBRECHT, B.J. 1988. Die etiek van Calvyn. In: Wethmar, C.J. en Vos, C.J.A. (Reds), *'n Woord op sy tyd.* Pretoria: NG Kerkboekhandel. 35-42.

FISHER, J.E. 2000. Making choices: teaching business ethics. In: Kavanaugh, J.F. and Werner, D.J. (Eds), *What's ethics got to do with it?* St Louis: St Louis University Press. 29-35.

HEYNS, J.A. 1972. *Lewende Christendom: 'n Teologie van gehoorsaamheid.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

HEYNS, J.A. 1975. Teologie van die revolusie. Kaapstad: Tafelberg.

*HIPPOCRATIC OATH. Datum. [online]. Available from: <http://www. html> [Accessed on 2007-08-17].*

*HELLSINKI CODE. Retrieved from the internet on 2007-08-17.*

KÖNIG, A. 2006. *Die groot geloofswoordeboek*. Vereeniging: CUM

KÖNIG, A. 2008. Selfverloëning. In: Gaum, F. (Hoofred.), *Christelike kernensiklopedie.* Wellington: Lux Verbi.

LATEGAN, L.O.K. 1990. *Die leer van die Voorsienigheid van God toegespits op die briewe van Calvyn.* Navorsingsverslag. Departement Dogmatologie, UOVS.

LATEGAN, L.O.K. 2000. Die voorstel vir 'n pastorale etiek gesien vanuit 'n filosofiese raamwerk. *Tydskrif vir Christelike wetenskap,* 36 (3&4): 71-83.

MEETER, H.H. 1957. *Het Calvinisme.* Kampen: J H Kok.

MEYER, O., NELL, I. & VOSLOO, R. 2005. *God se antwoord ... is 'n vraag.* Wellington: Lux Verbi.

*NEW HIPPOCRATIC OATH.* Retrieved from the internet on 2007-08-17.

REMANS, J. 2005. *De boom van goed en kwaad: Over bio-etiek, biotechniek, biopolitiek.* Leuven: Acco.

RENKEMA, J. 1993. *Klaagliederen.* Kampen: Kok.

SAXER, E. 1980. *Vorsehung und Verheissung Gottes.* Zürich: Theologischer Verlag.

STELLINGWERF, J. 1965. *Oorsprong en toekomst van de creatieve mens*. Amsterdam: Buijten en Schipperheijn.

THERON, P.F. 2004. Teologie as troos. Enkele opmerkings na aanleiding van die "Pastorale dogmatiek" van Oepke Noordmans. *Ned. Geref. teologiese tydskrif,* 45(3&4): 701-713.

VAN NIEKERK, A.A. 1994. Tussen wanhoop en vreugde. Kaapstad: Lux Verbi.

VAN WYK, J.H. 1983. *Calvyn oor die Christelike lewe.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel Transvaal.

VAN ZYL, A.H. 1964. Calvyn oor die Christelike lewe. *Ned. Geref. teologiese tydskrif* 5(3): 182-200.

VELEMA, W.H. 1976. *Ethiek en pelgrimage.* Amsterdam: Uitgeverij Ton Bolland.

VELEMA, W.H. 1996. *Door het Woord bewogen.* Leiden: Uitgeverij J.J. Groen en Zoon.

VOS, C. 2006. *'n Hand vol wind.* Wellington: Lux Verbi.

WOLFS, T. 2008. Levinas, ethanasia and the presence of the non-sense. In: Burggraeve, R. (Ed.), *The awakening to the other. A provocative dialogue with Emmanuel Levinas.* Leuven: Peeters. pp. 303-319.